**Woensdag 13 September**
**Skrifgedeelte: Johannes 11:17-32**
**Fokusgedeelte: Johannes 11:25**
**Jesus stuit nie vir die dood nie**

Die mens doen alles in sy vermoë om die dood uit te stel. Hy probeer om homself sover moontlik van die dood te verlos. Die dood word as finaal gesien.

Toe Jesus in Betanië aangekom het, was die tyd vir aksie menslik gesproke verby. Lasarus was al vier dae in die graf. Daarom die susters se verwyt: *Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie.*

Die dood is nie vir Jesus 'n niemandsland waar Hy moet halt, pas markeer, retireer, of wegdraai nie. Daarom Jesus se antwoord aan Marta: *"Jou broer sal uit die dood opstaan."* Die rede vir sy stelling: *"Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook"* (vs 25).

Hoe kan Jesus sê: *"Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook"*? Jesus kon dit sê, want nie lank daarna nie het Hy, die vors van die lewe, aan die kruis gesterf vir elkeen wat in Hom glo, se sonde. Hy het die mag van die dood verbreek en uit die dood uit opgestaan. Daarom kon Hy verklaar: *"Ek is die opstanding en die lewe."* Want elkeen wat in Hom glo, het saam met Hom gesterf en saam met Hom uit die dood opgestaan. Opwindend!

Dit geld vandag reeds vir elkeen wat glo. Wat 'n troos. Daarom hoef ons nie bang te wees vir die dood nie, want die dood is nie meer die einde van alles nie. Dit is slegs 'n afsterwe van hierdie sondige bedeling en 'n deurgang na die ewige lewe wat Jesus Christus vir ons bewerk het. Daar is niks wat ons daartoe kan bydra nie. Wat 'n troos!

*Sing: Skrifberyming 18-6:1*

*Dr. PJ Vermeulen Peet (Wapadrant)*